



## Traksie effektiwiteit van landbou implemente

Meganisasie koste maak 'n groot deel uit van die totale insetkoste van 'n produksie eenheid op die plaas, en daarom is dit belangrik om effektiewe traksie beheer te bewerkstellig met 'n gekose trekker tot implement kombinasie.

Dit is belangrik om die regte implement keuse vir 'n sekere trekker grootte te kies om sodoende die enjin krag kapasiteit van die trekker te benut. Trekker aankoopkoste word bepaal in R/kw, en dus is dit belangrik om die enjinkrag maksimaal te benut.

Gewigverplasing tussen trekker en implement speel ook 'n belangrike rol om effektiewe trekkrag te bewerkstellig. Die regte hoeveelheid trekker neus gewigte, wielgewigte en ook by sommige implemente die regte instelling van die implement dra wile het 'n invloed op implement na trekker gewigsverplasing en dus traksie effektiwiteit.

Implement na trekker gewigverplasing verskil ook drasties tussen 'n 2 wiel en 4 wiel aangedrewe trekker. Vier wiel aangedrewe trekkers word meer in sandgronde gebruik om traksie effektiwiteit te verbeter.

Die regte banddruk volgens die vervaardiger spesifikasies is belangrik omdat dit traksie effektiwiteit beïnvloed. Te veel wielglip is onekonomies omdat dit die spesifieke brandstofverbruik in l/ha beïnvloed.

Wielglip is ook 'n belangrike faktor om in gedagte te hou tydens traksie beheer. Wanneer die enjin krag konstant gehou word, word optimum wielglip verkry wanneer die werkspoed in ha/h die hoogste is en die spesifieke brandstof verbruik in l/ha die laagste is.

Traksie effektiwiteit kan gedemonstreer word en daar is ook 'n handleiding beskikbaar wat meer uitbrei op die onderwerp. Kontak Johan v Biljon by die LNR-Landbou Ingenieurswese in Pretoria by tel 012 842 4049 of e pos: [vbiljonj@arc.agric.za](mailto:vbiljonj@arc.agric.za)